SAWA RIETVALLEI

Weavers Roost

14-16 Maart 2020

Kampkommandante : Johan en Rina van Zyl

(Johandré van Zyl – 3jr en 11 mnde)

Met die aankoms Vrydag oggend, het ons almal gegroet en in die reën, ons blyplekkie staangemaak en later die middag voorbereidings gedoen vir die aandete – 'n lekker bord potjiekos met rys. Dankie aan Pieter Viljoen vir die vleis skenking en die gaarmaak van die rys. Daar was 'n hele paar hande wat kom help het met die skil en opsny van die groentes, selfs Johandré het sy deel gedoen (3 wortels perfek geskil). Ander het ons kom geselskap hou en só het die skillery later in 'n lekker kuiery geraak. Oom Mynhardt het die Boekevat behartig asook die tafelgebed gedoen. Daar word (soos wat dit ons mos betaam), ge-ordend in 'n ry, betaal, bywoningsplaatjies gegee en opgeskep. Almal het heerlik ge-eet. Johan (van Zyl) het met die no. 8 pot geloop, onder-dorp toe en weer bo-dorp toe, vir die wat wil en nog kan, vir nog 'n skep, voordat die donker stadig oor ons toevou. Dit was voorwaar 'n suksesvolle, groot en lekker Vrydagaand maaltyd.

Na ontbyt en 'n lekker beker boeretroos Saterdag oggend, (soos net op gas gemaak kan word as gevolg van beurtkrag), het 'n hele klompie van ons die roomys fabriek besoek. Onder die afdak en met genoeg roomys (te kies en te keur; mét of sónder melk), het ons klomp sommer lekker gekuier … op roomys. Wat 'n smaaklike, koel nagereg, vir die warm dag, was dit nie gewees nie.

'n Klein handjie Rietvalleiers het die bierbrouery aangedurf. "Bok vir sports" sê ek jou. Ons het dit baie geniet, grappies gemaak, ontspan en lekker gelag en gesels. Dit was

sommer 'n puik ken-mekaar-beter geleentheid. Dankie julle, dit was lekkerder as wat ek gedink het 'n bier-proe kan wees. Nou ken ons mekaar beslis ook beter.

Die middag se Kamp Wenke was voorwaar interessant – van jare gelede se "broeisak" wat nog steeds gebruik word, tot hoe om pap wiele weer rybaar te kry, weggooi goed weer vir 'n ander doel te gebruik en hoe om 'n tou te knoop, sonder dat dit loskom. Ongelooflik waarvoor 'n stukkie pyp of 'n koeldrankbottel gebruik kan word. Mariette, die gasvrou van Weaver's Roost, het ons uit die bloute verras met melktert in 'n koppie. Wat 'n mooi gebaar, baie dankie, dit was heerlik! Na afloop van die wenke, waar almal sit en melktert eet … dís waar die kuier toe mos eintlik begin.

Oom Daan het die dag op gepasde wyse afgesluit. In die onder-dorp word vure aangesteek en gereed gemaak vir die "Fees der feeste". Tinus, met sy kitaar en rekenaar, het hy almal vermaak met sy talente … musiek, skryf en sang. Hy het die aand omgetower in 'n ware fees "Afrikaans is Groot", soos Tjaart dit noem. Met samesang, lag en jolyt het die sterre geblink en die aandlug het later 'n geniepsige byt gekry, maar dit het nie die joligheid gestuit nie. Die komberse het gou beskerming gebied. Dankie Tinus, dit het sommer die voete erg laat juk, vra maar vir oom Daan.

'n Baie mooi boodskap was Sondag oggend vir ons gegee. Gelukwensings was gedoen en weereens het Johandré sy takie ook goed gedoen – die uithandiging van die sjokolade en 'n stywe drukkie vir elk. Wat 'n lekkerte was die soutgoed, om die naweek mee af te sluit. Almal het lekker saam gekuier en die versnapperings geniet.

Weereens was dit vir ons (Johan, Rina en Johandré) 'n groot lekkerte en voorreg om Kampkommandante te kon wees. Dankie aan elkeen wat gehelp het om hierdie naweek 'n sukses te maak.

Hier is al die teenwoordiges

Oom Fanie verduidelik die omtrekgrypmetode

Gideon en Oom Fanie werk dit uit

Vure aangesteek voor Boekevat

Oom Daan doen Boekevat

Boekevat Saterdag aand

Vrydag se kuier en voorbereding vir ete

Saterdag middag se kuier by roomysfabriek

Plaatjies vir die naweek

Marius en Jolanda Slabbert

Tinus enTersia - aansporingplaatjie

Willem en Sonja de Jongh - aansporingsplaatjie

Geluk met die verjaardag Anita Lloyd

Frans en Stefanie - aanspoingsplaatjie

Kampkommandante – Johan en Rina van Zyl

EK IS

EK is vir jou 'n put, bodemloos met geduld
EK is vir jou 'n spruit, bruisend met hoop
EK is vir jou 'n rivier, vloeiend met genade
EK is vir jou 'n oseaan, groot met liefde

EK is vir jou die wind, strelend oor jou siel
EK is vir jou die son, warm in jou hart
EK is vir jou die reën, sag op jou gees
EK is vir jou die maan, hangend oor jou lewe

Wees jy vir My 'n kind van geloof
Wees jy vir My 'n arm van vrede
Wees jy vir My 'n woord van vergifnis
Wees jy vir My 'n hand van gebed

Wees jy vir My 'n aanbidder, EK is vir jou 'n GOD
Wees jy vir My 'n navolger, EK is vir jou Herder
Wees jy vir My 'n leerder, EK is vir jou 'n Meester
Wees jy vir My 'n dienskneg, EK is vir jou Heer